Ark Blitz

Les 27 – LOOF GOD, DIE COOL PLANMAKER

Uit die verhale van hierdie jaar het ons God se hart leer ken en ons het ons gesien sien hoe sy plan waar word. God se plan het uitgebrei van een man, Abraham, na sy familie en toe na 'n volk. God het vir Josef gebruik om hierdie volk gereed te maak om sy plandraers te wees. Soos 'n droë plant wat water kry, het Abraham 'n nuwe kans gekry. Isak se lewe was leeg, maar God het sy lewe vol gemaak met Rebekka en sy twee seuns, Jakob en Esau. Jakob het Godse plan nodig gehad sodat die volk Israel uit hom kon groei.Ons sien dat God volkome in beheer is. Net soos water vir plante werk, werk God se plan vir mense. Deur God se plan kry ons nuwe lewe. Daarvoor kan ons God loof, vir Hom dankie sê en Hom verheerlik vir sy plan waarvan Hy ook vir ons deel gemaak het.

Die beste manier om op God se plan te reageer is deur te bid. In hierdie ontmoeting help ons die groep om lof, aanbidding, voorbidding en danksegging by hulle gebede in te sluit.

'n Gebedsirkel: . Knip 'n groot sirkel uit en vou dit in vier dele. Gebruik die prentjies hier onder om die vier wiggies te versier

Brood: Ek bid vir wat ek nodig het.

Die aardbol: Ek bid vir God se plan met ons aarde en almal en alles daarop.

Instrumente: Ek loof God vir wat Hy alles doen en vir wie Hy is.

Hande: Ek bid dat ek aan God gehoorsaam sal wees en sy plandraer sal wees.

Trek nog 'n sirkel wat net so groot soos die vorige een is. Vou dit ook in vier dele, maar knip dan een wiggie uit. Plak 'n handvatsel aan die een kant waar die wiggie uitgesny is. Maak 'n gaatjie in die middel van al twee sirkels, sit die volledige sirkel onder die ander sirkel. Maak hulle nou met 'n splytpen (*split pin*) aan mekaar vas. Die kinders kan dan die boonste sirkel draai en bid volgens die prentjie wat hulle sien.